



Reglement vir Erkenning van Ko-Kurrikulêre Prestasies

| | |
|---|--|
| Tipe dokument: | Reglement |
| Doel van die beleid: | Die doel van hierdie reglement is om beginsels en bepalings daar te stel vir die formele erkenning van prestasies van studente in die ko-kurrikulum. |
| Goedgekeur deur: | Rektor se Bestuurspan (RBS) |
| Goedkeuringsdatum: | 14/07/2015 |
| Implementeringsdatum: | 01/08/2015 |
| Datum van volgende Hersiening: | Elke vyf jaar, of soos nodig |
| Datum(s) van vorige Hersienings: | <p><i>Vierde Weergawe:</i> 14 Julie 2015, Prof. I Cloete, Senior Direkteur: Institusionele Navorsing en Beplanning</p> <p>Die reglement is voorafgegaan deur drie konsep-weergawes wat deur die Studenteraad opgestel is, maar nie aan die RBS voorgelê is vir goedkeuring nie.</p> <p><i>Derde Weergawe:</i> 3 Maart 2014, Me. Chrisna Robbertse, Voorsitter: Akademiese Belangeraad en Studenteraad, 2013/2014.</p> <p><i>Tweede Weergawe:</i> 7 Maart 2013, Zandri le Grange, Voorsitter: Akademiese Belangeraad 2011/2012 & Studenteraad 2012/2013.</p> <p><i>Eerste Weergawe:</i> Neil de Kock, SR-Beleidseenheid, Studenteraad 2011/2012</p> |
| Beleideienaar¹: | Vise-Rektor: Leer en Onderrig |
| Beleidkurator²: | Direkteur: Sentrum vir Studentestrukture en –Gemeenskappe (SSG) |
| Sleutelwoorde: | Ko-Kurrikulum, Prestasie, Afgestudeerde Student |
| Geldende Weergawe: | Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar. |

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

¹ Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikeheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

² Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

Reglement vir Erkenning van Ko-Kurrikulêre Prestasies

1. Inleiding

Die ontginning van die ko-kurrikulum¹ aan die Universiteit Stellenbosch het die potensiaal om 'n wesenlike bydrae tot die ontwikkeling van die eienskappe van 'n afgestudeerde student te lewer, soos beskryf in die *Strategie vir Leer en Onderrig (2015-2018)*. Die “inklusiewe en diverse ervarings [wat ons] vir ons studente en personeellede [skep] om hulle volle potensiaal te ontsluit” word in die *Institusionele Voorneme en Strategie (2013-2018)* as die US se “onderskeidende kenmerk” verwoord. Dit is hoe “ons ... denkleiers vir die toekoms op[lei].”

Die besef van die waarde van die ko-kurrikulum en die leer wat buite die lesinglokaal-konteks plaasvind, het die Studenteraad se Beleidseenheid van 2011 gemotiveer om 'n ondersoek te doen en 'n konsepvoorstel vir die “formele erkenning van prestasie in ko-kurrikulêre aktiwiteite” op te stel. Hierdie reglement is 'n hersiening van die konsepvoorstel en het dit ten doel (i) om die verantwoordelikheid vir die vaslegging van data vanaf die Studenteraad na die relevante steundiensomgewings in die Universiteit te verskuif, (ii) om die kriteria wat vir die erkenning van ko-kurrikulêre prestasie in die verskillende kategorieë uiteengesit is, by te werk en uit te brei, en (iii) om die reglement só te formuleer dat erkenning op 'n buigsame wyse uitgebrei kan word sonder dat dit 'n algehele hersiening van die reglement vereis wanneer nuwe behoeftes aan die lig kom, maar dat enige erkenning wat verleen word nog steeds voldoen aan die kwaliteit- en prestasievereistes wat vervolgens uiteengesit word.

2. Doel van die reglement

Die doel van hierdie reglement is om beginsels en bepalinge daar te stel vir die formele erkenning van prestasies van studente in die ko-kurrikulum op 'n ko-kurrikulêre transkrip wat saam met 'n graadsertifikaat uitgereik word.

Die erkenning van prestasie in die ko-kurrikulum op die transkrip is 'n onderskeidende kenmerk van die US en is 'n manier waarop uitnemendheid aangeteken word, in lyn met soortgelyke praktyk internasionaal (t.o.v. die “diploma supplement” wat byvoorbeeld in die Europese Unie uitgereik word).

3. Toepassing van die reglement

Die reglement is van toepassing op alle ingeskrewe studente van die Universiteit Stellenbosch. Prestasie word nie terugwerkend erken nadat 'n student afgestudeer het nie.

¹ Die “ko-kurrikulum” verwys na leeraktiwiteite wat buite die formele klaskamer-konteks plaasvind, sien ook 5.

4. Definies van akronieme

- a. ABR - Akademiese Belangeraad
- b. IVS - Institusionele Voorneme en Strategie
- c. FVZS - Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskap
- d. GI - Gemeenskapsinteraksie
- e. MASC- Militêre Akademie Studenteraad
- f. MGD - Matie Gemeenskapdiens
- g. PK - Primkomitee
- h. RBS - Rektor se Bestuurspan
- i. SSG - Sentrum vir Studentestrukture en –Gemeenskappe
- j. SIS - Studenteinligtingstelsel
- k. SISO - Sentrum vir Studenteinligtingstelselondersteuning
- l. SR - Studenteraad (SR)
- m. SS - Afdeling Studentesake (SS)
- n. TSR - Tygerberg Studenteraad
- o. VR - Verenigingsraad

5. Mikpunte van die reglement

Die oorsprong van die transkrip spruit uit studente se behoefte aan formele erkenning van prestasie in ko-kurrikulêre aktiwiteite. Die mikpunt is om die veelsydige leerervaring buite die klaskamer te erken. Die transkrip bied 'n opsomming van al die toekennings en prestasies (soos in die reglement beskryf) wat 'n student behaal, en is slegs 'n *erkenning* van prestasie en nie 'n *toekening* vir prestasie nie. Die erkennings word aan 'n jaartal gekoppel en alle prestasies word op een transkripdokument onder die jaartal gelys.

6. Beginsels vir en omvang van die reglement

- 6.1 Erkenning van leer: Dieselfde akademiese- en gehalteversekeringsbeginsels wat geld vir modules wat suksesvol afgehandel word en op die akademiese transkrip aangedui word, geld vir die leer wat suksesvol in die ko-kurrikulum afgehandel word.
- 6.2 Veelsydigheid van leerervarings: Hierdie reglement probeer om die wye spektrum van ko-kurrikulêre aktiwiteite wat erken word, te dek, en maak voorsiening dat studente aansoek kan doen vir erkenning in velde wat nie in dié reglement gespesifiseer word nie.
- 6.3 Beperking van die omvang van erkenning: Die omvang van erkenning word beperk tot studente wat voldoen aan die kwalifiserende vereistes vir ko-kurrikulêre aktiwiteite.
- 6.4 Bevordering van deelname en uitnemendheid: Hierdie reglement voorsien dat die erkenning van ko-kurrikulêre leeraktiwiteite op die transkrip 'n prestige status sal geniet, met hoë motivering aan studente om deel te neem en te presteer, ook t.o.v. sport en kulturele aktiwiteite. Prestasies wat erken word, moet duidelike waarde toevoeg – dit is nie bloot 'n lys van aktiwiteite waaraan 'n student deelgeneem het nie.

- 6.5 Erkenning van dienslewering, studente-ontwikkeling en diensbare leierskap: Buiten vir uitnemende prestasies in akademiese-, sport- en kulturele aktiwiteite, word dienslewering en persoonlike ontwikkeling t.o.v. gemeenskapsinteraksie, FVZS- en ander kortkursusse wat suksesvol voltooi is, en leierskapsposisies erken.
- 6.6 Verifiëring van prestasie: Die prestasie/ko-kurrikulêre leer wat erken word, moet verifieerbaar wees en deur personeel van die Universiteit nagegaan word.
- 6.7 Verpakking van ko-kurrikulêre leer in kortkursusse: Alhoewel die verpakking van ko-kurrikulêre leer in kortkursusse nie tans 'n voorvereiste is t.o.v. dié reglement nie, word daar voorsien dat die verdere formalisering van ko-kurrikulêre leeraktiwiteite as kortkursusse 'n belowende beginsel bied waarvolgens die verwerwing van leeruitkomste gemeet en op SIS vasgevang kan word, aangesien kortkursusse reeds outomaties op die transkrip aangedui word.
- 6.8 Vaslegging van erkenning/prestasie: Die vaslegging van data t.o.v. die ko-kurrikulêre leer/prestasies van studente op die Studenteinligtingstelsel (SIS) word deur SISO-personeel gedoen.
- 6.9 Minimering van administratiewe werkslading: Die administratiewe werkslading vir die erkenning van prestasie, word sover as moontlik beperk om die kostes laag te hou (d.w.s. dat ook gepoog word om prestasies op die transkrip te erken wat reeds op SIS gelaai word a.g.v. ander aktiwiteite soos SR-verkiesings).

7. Bepalings van die reglement

7.1 Tydlyn en verantwoordelike afdelings en sentrums

In die tydperk van 1 tot 30 Augustus jaarliks word die inligting oor erkennings deur die verskillende verantwoordelike afdelings en sentrums (die verantwoordelike organisatoriese eenhede van die Universiteit) versamel. In die tydperk van 1 tot 15 September word die inligting skriftelik of elektronies voorgelê aan die Sentrum vir Studenteinligtingstelselondersteuning (SISO) vir vaslegging op die studente-inligtingstelsel (SIS). Vaslegging geskied in die tydperk van 15 tot 30 September.

Die inligting word in die formaat van 'n lys met die name, studentennommers en kategorie vir erkenning waarvoor studente kwalifiseer, ingedien. Prestasies word skriftelik of elektronies bevestig deur die Sentrum vir Studentestruktuur en -Gemeenskappe, MGD, Maties Sport, die Dekaan van 'n fakulteit of die Hoof van 'n Steundiensafdeling.

Die Afdeling Akademiese Administrasie is verantwoordelik vir die uitreiking van die transkripte. Die transkripte word tydens die Desember-gradeplegtighede sowel as die Maart-gradeplegtighede saam met die graadsertifikate as deel van die akademiese rekord uitgereik. Op versoek kan studente hulle akademiese rekord sonder die transkrip aanvra – Ko-kurrikulêre transkripte word egter nie afsonderlik van die studierekords uitgereik nie, sodat daar 'n duidelike samehang bestaan tussen akademiese en ko-kurrikulêre prestasies, en sodat akademiese prestasie nie ondergeskik gestel word teenoor ko-kurrikulêre prestasie nie. Die prosesvloei, verantwoordelike entiteite en keerdatus word grafies voorgestel in Addendum A.

7.2 Ko-kurrikulêre kategorieë

Ses ko-kurrikulêre kategorieë is geïdentifiseer waaraan formele erkenning deur die transkrip gegee word:

- A. Gemeenskapsinteraksie
- B. Kultuur
- C. Studenteleierskap
- D. Studente-ontwikkeling
- E. Sport
- F. Spesiale Prestasies

7.3 Verantwoordelikhede

Die verantwoordelikhede word soos volg uiteengesit:

- Die Sentrum vir Studentestrukture en -gemeenskappe is verantwoordelik vir alle prestasies in kategorieë A, B, C en D.
- Maties Sport is verantwoordelik vir die indiening van studente se name wat vir erkenning in die ko-kurrikulêre kategorie E kwalifiseer.
- Die Dekaan van 'n fakulteit of die hoof van 'n professionele steundiensafdeling (Hoofdirekteur, Senior Direkteur of Direkteur) bevestig prestasies in kategorie F indien sodanige prestasies nie jaarliks outomaties erken kan word deur geverifieerde data wat uit SIS onttrek word nie.
- Prestasies in kategorie F word deur 'n Ko-Kurrikulêre Erkenningskomitee goedgekeur, soos beskryf in opvolgende paragrawe, oorhoofs gemonitor deur die Sentrum vir Studentestrukture en -Gemeenskappe (SSG).

7.4 Kwalifisering vir kategorieë A tot E

Die Direkteur Studentestrukture en -Gemeenskappe of sy/haar gedelegeerde vra jaarliks in Augustus die name, studentennommers en kategorie van die studente wat erkenning ontvang van Matie Gemeenskapsdiens (MGD), Maties Sport, die Studenteraad (SR), Akademiese Belangeraad (ABR), Primkomitee (PK), Militêre Akademie Studenteraad (MASC), Tygerberg Studenteraad (TSR), Verenigingsraad (VR), Redakteur van *Die Matie* Studentekoerant en Speaker van Studenteparlement aan en kontroleer die inligting vir korrektheid.

Streng kriteria is opgestel vir watter prestasie kwalifiseer vir erkenning en word hieronder gelys. Uitsonderings word deur 'n Ko-Kurrikulêre Erkenningskomitee hanteer; die werking van die komitee word in opvolgende paragrawe beskryf.

A. Erkenning van prestasie in Gemeenskapsinteraksie

Die Universiteit erken die belangrikheid van gemeenskapinteraksie en plaas jaarliks die volgende prestasie(s) sonder aansoek op die student se ko-kurrikulêre transkrip; SSG kontroleer die inligting van MGD en lewer dit aan SISO:

- a. Die Rektorstoekening vir Uitnemende Prestasie in Gemeenskapsinteraksie;
- b. Deelname aan minstens eenhonderd (100) uur gemeenskapsinteraksie in die verloop van een (1) jaar. Rekord van die aantal ure word deur Matie Gemeenskapdiens (MGD) gehou en aan die Sentrum vir Studentestrukture en –Gemeenskappe (SSG) gerapporteer.

B. Erkenning van prestasie in Kultuur

Die Universiteit erken die belangrikheid van kultuur en plaas jaarliks die volgende prestasie(s) sonder aansoek op die student se ko-kurrikulêre transkrip; SSG kontroleer die inligting en lewer dit aan SISO:

- a. Die Rektorstoekening vir Uitnemende Prestasie in Kultuur (maksimum 3 lede).

C. Erkenning van prestasie in Leierskap

Die Universiteit erken die belangrikheid van leierskap en plaas jaarliks die volgende prestasie(s) sonder aansoek op die student se ko-kurrikulêre transkrip; SSG en die SR kontroleer die inligting en lewer dit aan SISO:

- a. Die Rektorstoekening vir Uitnemende Prestasie in Leierskap (maksimum 10 lede);
- b. Studenteleiers, onderworpe aan evalueringsmeganismes soos in die verskeie grondwette uiteengesit, in hul ampte (vir ten minste 'n volle termyn) as lid van die:
 - (i) Studenteraad
 1. Voorsitter van die Studenteraad (1 lid)
 2. Ondervoorsitter van die Studenteraad (1 lid)
 3. Tesourier van die Studenteraad (1 lid)
 4. Sekretaris van die Studenteraad (1 lid)
 5. Lid van die Studenteraad (11 lede)
 6. Bestuurder van die Studenteraad (3-10 lede)
 - (ii) Akademiese Belangeraad
 1. Voorsitter van die Akademiese Belangeraad (1 lid)
 2. Ondervoorsitter van die Akademiese Belangeraad (1 lid)
 3. Sekretaris van die Akademiese Belangeraad (1 lid)
 4. Lid van die Akademiese Belangeraad (18 lede)
 5. Voorsitter van 'n fakulteitstudentekomitee (9 lede)
 - (iii) Primkomitee
 1. Voorsitter van die Primkomitee (1 lid)
 2. Ondervoorsitter van die Primkomitee (1 lid)
 3. Sekretaris van die Primkomitee (1 lid)
 4. Primarius/primaria van 'n koshuis (33 lede)
 5. Primarius/primaria van 'n PSO-wyk (11 lede)
 - (iv) Militêre Akademie Studenteraad

1. Studentekaptein van die Militêre Akademie Studenteraad (1 lid)
2. Lid van die Militêre Akademie Studenteraad (14 lede)
- (v) Tygerberg Studenteraad
 1. Voorsitter van die Tygerberg Studenteraad (1 lid)
 2. Ondervoorsitter van die Tygerberg Studenteraad (1 lid)
 3. Tesourier van die Tygerberg Studenteraad (1 lid)
 4. Lid van die Tygerberg Studenteraad (9 lede);
- (vi) Verenigingsraad
 1. Voorsitter van die Verenigingsraad (1 lid)
 2. Registrateur van die Verenigingsraad (1 lid)
 3. Tesourier van die Verenigingsraad (1 lid)
 4. Lid van die Verenigingsraad (maksimum 4 lede)
 5. Voorsitter van 'n Studentevereniging (44 lede – kan wissel na gelang van deregistrasie en herregistrasie);
- (vii) Studenteparlement
 1. Speaker van Studenteparlement (1 lid)
- (viii) Studentehof
 1. Voorsitter van die Studentehof (1 lid)
- (ix) *Die Matie* redaksie
 1. Die redakteur van *Die Matie* (1 lid)
- (x) MAL²-komitee
 1. Die koördineerder (voorsitter) van die MAL²-komitee (1 lid)

D. Erkenning van prestasie in studente-ontwikkeling

Die Universiteit erken die belangrikheid van studente-ontwikkeling en plaas jaarliks die volgende prestasie(s) sonder aansoek op die student se ko-kurrikulêre transkrip; SSG en die SR kontroleer die inligting en lewer dit aan SISO:

- a. Die Rektorstoekenning vir Uitnemende Prestasie in Dienslewering
- b. Die Rektor se Uitstygerkenning
- c. Kortkursusse suksesvol voltooi by die FVZS instituut vir studenteleierskap

E. Erkenning van prestasie in sport

Die Universiteit erken die belangrikheid van sport en plaas jaarliks die volgende prestasie(s) sonder aansoek op die student se ko-kurrikulêre transkrip; Maties Sport kontroleer en lewer die inligting aan SISO:

- a. Die Rektorstoekenning vir Uitnemende Prestasie in Sport
- b. Nasionale kleure in sport deelname en leierskap verteenwoordiging vir erkende Universiteit Stellenbosch sportdissiplines

7.5 Hantering van uitsonderings en nuwe aansoeke in Kategorieë A tot E

Indien daar in kategorieë A tot E 'n uitsondering sou voorkom of 'n aansoek om erkenning van 'n prestasie wat nog nie in die reglement gelys word nie, word dit deur 'n Ko-Kurrikulêre Erkenningskomitee hanteer.

7.6 Ko-Kurrikulêre Erkenningskomitee

Die komitee bestaan uit vier persone: die Registrateur as voorsitter van die komitee, die Senior Direkteur Studentesake, die Direkteur Studentestruktuur en -Gemeenskappe en die ABR voorsitter wat die SR op die Ko-Kurrikulêre Erkenningskomitee verteenwoordig. Die volgende reëls geld:

- a. Die komitee hou by die beginsels vir erkenning soos dié in §6 beskryf word.
- b. Die komitee het die bevoegdheid om enige lid tot die komitee te koöpteer sonder stemreg na gelang van die tipe aansoek ontvang of die aard van die uitsondering.
- c. Die Sentrum vir Studentestruktuur en -Gemeenskappe dra sorg dat notules gehou word en dat alle elektroniese stukke wat voor die komitee dien as vertroulik gemerk en bewaar word.
- d. Die Direkteur SSG skakel met die Registrateur se kantoor vir die skedulering van 'n vergadering van die komitee vir die oorweging van die aansoeke wat ontvang is.
- e. Die komitee moet jaarliks voor die einde van September vergader.
- f. 'n Meerderheidstem beslis die stem indien konsensus nie bereik kan word nie. In die geval van enige stemming wat gelykop eindig, het die voorsitter die beslissende stem.
- g. Die besluit van die komitee is finaal en geen heroorweging van 'n aansoek sal plaasvind nie.
- h. Indien die komitee dit nodig ag, het die komitee die reg om 'n besluit na die RBS te verwys vir finale goedkeuring.
- i. Alle konflikte en gevalle van nie-nakoming word ook deur die komitee hanteer.
- j. Die komitee besluit verder self op 'n geskikte werkswyse.

7.7 Kategorie F: Hantering van Spesiale Prestasie

Die Universiteit erken die belangrikheid van studente se prestasies en hul ontwikkeling op verskeie gebiede. Indien 'n student van mening is dat 'n ko-kurrikulêre prestasie erken moet word wat nie in die kriteria in §7 hierbo vervat word nie, kan die student om spesiale erkenning aansoek doen. Voorbeelde sluit in: Die US-koor wat 'n algehele eerste plek in die Internasionale Koorspele behaal het, 'n student wat aan rolbal in die Olimpiese Spele deelneem en 'n student wat nasionale kleure in *wave-ski* verwerf wat nie noodwendig 'n sportdissipline is wat by die US beoefen kan word nie.

SSG, met kennisgewing aan die ABR voorsitter, moet jaarliks voor 1 Augustus 'n kennisgewing van opening van aansoeke aan die Sentrum vir Studentestruktuur en -Gemeenskappe, alle dekanes, Matie Gemeenskapsdiens (MGD), die Studenteraad (SR), Akademiese Belangeraad (ABR), Primkomitee (PK), Militêre Akademie Studenteraad (MASC), Tygerberg Studenteraad (TSR), Verenigingsraad (VR) en Maties Sport stuur. Hierdie kennisgewing moet ook aan alle kampusmedia – Die Matie, MFM en die studenteportaal – verskaf word. Daar moet duidelik gestel word met alle kennisgewings

rakende aansoeke dat dit vir erkenning van ko-kurrikulêre prestasies is en nie vir akademiese prestasies nie.

7.7.1 Proses om aansoek te doen vir Erkenning van Spesiale Prestasie

- a. Die aansoek moet voor 15 September van elke jaar by die SSG ingedien word vir oorweging deur die komitee soos beskryf in §7.6. SSG lewer die inligting na erkenning aan SISO vir vaslegging.
- b. Die aansoek moet oor die volgende inligting beskik:
 - (i) Die volle naam van die student
 - (ii) Die studentenommer van die student
 - (iii) Die handtekening van die student ter bevestiging van die korrektheid van die inligting verskaf
 - (iv) 'n Beskrywing van die prestasie van nie meer as 200 woorde nie
 - (v) 'n Getikte motivering van nie meer as 300 woorde nie
 - (vi) Twee getuigskrifte van persone ter bevestiging van die prestasie wat verbonde is aan die toekenning/organisering daarvan.
- c. Indien 'n aansoek van 'n groep studente vir 'n gesamentlike prestasie ontvang word, moet die aansoek oor die volgende inligting beskik:
 - (i) Die volle name van die studente
 - (ii) Die studentennommers van die studente
 - (iii) Die handtekeninge van die studente ter bevestiging van die korrektheid van die inligting verskaf
 - (iv) Een beskrywing van die prestasie van nie meer as 200 woorde nie
 - (v) Een getikte motivering van nie meer as 300 woorde nie
 - (vi) Twee getuigskrifte van persone ter bevestiging van die prestasie wat verbonde is aan die toekenning/organisering daarvan

8. Konflikbeslegting

Alle konflikte word verwys na die Ko-Kurrikulêre Erkenningskomitee.

9. Beleidsbeheer

a. Eienaar

Die Viserektor (Leer en Onderrig) is eienaar van die reglement. Die viserektor delegeer die oorhoofse verantwoordelikheid vir die uitvoering van die reglement aan die Direkteur: Sentrum vir Studentestrukture en -Gemeenskappe.

b. Datum van inwerkingtreding

Die voorafgaande weergawes van die reglement is vanaf September 2013 gedeeltelik geïmplementeer. Erkenning van prestasies was slegs op 2013 en daarna se prestasies geskoei, met geen terugwerkende erkenning vir studente wat vóór 2013 gegradueer het nie. Dieselfde beginsel geld vir enige toevoegings/wysigings tot die lys van erkende prestasies wat op 'n later datum

ingestel is (of word): Geen prestasie word terugwerkend voor die hersieningsdatum erken nie.

Die datum van inwerkingtreding van hierdie reglement is 1 Augustus 2015.

c. Hersiening

Die beleid word elke vyf jaar hersien, of vroeër indien nodig.

d. Optrede in geval van nie-nakoming

Elke geval van nie-nakoming word na die Ko-Kurrikulêre Erkenningskomitee verwys. Die komitee het die reg om 'n toekenning nietig te verklaar en die studenterekords dienoreenkomstig aan te pas.

10. Addendum A

